Drie misdaadslagoffers loop voor toe Solidariteit gister 136 000 protesbriewe teen misdaad by pres. Jacob Zuma se kantoor in Kaapstad gaan aflewer het. Van links: me. Megan Kaimovitz, mnr. Vernon Norton en me. Francina Jantjies. Foto's: LULAMA ZENZILE

Zuma 'besef polisie kan nie 'n verskil maak'

Pieter du Toit

Kaapstad. – Solidariteit het gister 141 222 protesbriewe teen misdaad aan pres. Jacob Zuma afgelewer, maar dié vakbond se leier weet nie wat die impak daarvan op die land se leiers gaan wees nie.

"Zuma wil 'n verskil maak, uit ons gesprekke met hom is dit duidelik. Maar ek sien ook hy is moedeloos en besef die polisie het nie die vermoë om dit te kan doen nie," het mnr. Flip Buys, uitvoerende hoof van Solidariteit, gister buite Tuynhuys gesê.

Buys is vergesel van sy adjunk, mnr. Dirk Hermann, en drie misdaadslagoffers: baba Jordan se oupa, mnr. Vernon Norton, die vermoorde Nadine Jantjies se ma, Francina, en me. Megan Kaimovitz, wie se dogter Ashley in 2005 doodgery is.

Zuma het onderneem om Solidariteit se voorstelle oor die bekamping van misdaad te oorweeg en 'n vergadering gaan tussen die vakbond en mnr. Nathi Mthethwa, minister van polisie, en komm. Bheki Cele, nasionale polisiehoof, belê word.

Zuma groet Kaimovitz, wie se dogter Ashley in 2005 doodgery is. Links staan mnr. Dirk Hermann van Solidariteit en in die middel is Norton, die vermoorde baba Jordan se oupa. Kaimovitz het die gesprek met Zuma as baie positief bestempel.

Mnr. Vincent Magwenya, Zuma se woordvoerder, het gesê Zuma is "diep geraak" deur die halfuur lange gesprek met Buys, Hermann en die misdaadslagoffers.

Volgens hom stem Zuma saam dat amper alle Suid-Afrikaners deur misdaad geteister word.

Buys het gesê Solidariteit het aan Zuma onderneem om sy ondersteuners te mobiliseer om aan gemeenskapsveiligheidsprojekte deel te neem.

"Hoewel mense duidelik voel die regering het misdaad nie onder beheer nie, kan ons nie net kla nie.

"Gemeenskappe moet aktief betrokke raak by hul eie beveiliging.

"Ons gaan 'n waghondrol moet speel om te sorg die polisie doen sy werk en self betrokke by die misdaadstryd moet raak.

"Ons moet saam ons vuis teen misdaad bal," het Buys gesê.

Die briewe is in tien kruiwaens tot voor die hekke van die parlement gestoot en volg op 'n vroeëre poging toe Hermann met 23 000 protesbriewe by Tuynhuys se deure weggewys is.

Sedertdien het die protesveldtog gegroei en het die aantal briewe wat die publiek die afgelope 48 uur aan Zuma gestuur het met tienduisende toegeneem.

Kaimovitz het die gesprek met Zuma as baie positief bestempel.

"Hy het simpatie met ons gehad en dit was duidelik hy is diep bekommerd oor die vlak van misdaad, veral waar skuldiges weens swak polisiewerk loskom. Ek het vertroue in hom," het sy gesê.